Vrydag **30 Augustus**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4**

**Fokusgedeelte: Openbaring 4:8b, 11**

**Duisternis kan die Lig nooit oorweldig nie**

Ons Here maak ’n skrefie van die hemel vir Johannes oop ... genoeg om te kan sien wat in die toekoms gaan gebeur. Die eerste wat hy sien, is die hemeltroon met “Iemand” wat op die troon sit. Hy wat die troon beklee, is die ewige hemel-Koning oor alles en almal, altyd. Alles begin immers uit Hom, vloei deur Hom en keer terug tot Hom!

Rondom die troon sien Johannes verskeie hemelwesens wat ons Here dien. Eers gewaar hy 24 ouderlinge op trone rondom die troon van God. Hulle is saamgestel uit die 12 stamme van die Ou Testament en die 12 apostels van die Nuwe Testament. Saam verteenwoordig hierdie 24 ouderlinge die “heilige algemene Christelike kerk” deur al die eeue heen. Die kerk waarvan jy en ek vandag ook nog deel is.

Digby die troon sien Johannes sewe fakkels brand en daar word aan hom bekendgemaak dat dit die sewe Geeste van God is. Hierdie is beeldspraak van Goddelike krag wat oraloor versprei, net soos die lig van die fakkels die donker verhelder. Die duisternis kan die Lig nooit oorweldig nie.

Johannes sien ten slotte ook vier bonatuurlike lewende wesens wat vol oë is. Hy onderskei eerstens ’n leeu – koning en verteenwoordigend van die wilde diereryk. Die tweede is ’n bul – koning en verteenwoordigend van die mak diereryk. Die mensgesig wat hy derde sien, verteenwoordig natuurlik alle mense op aarde deur al die eeue heen, en die arend is die koning en verteenwoordiger van die voëls. Hierdie vier lewende wesens verteenwoordig letterlik alles op aarde wat lewe.

Laastens beleef Johannes ’n massakoor. Die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge, ja, “al wat kruip en roer en sweef ... al wat asem het en leef” besing die heerlikheid van die Hemelkoning!

Hy heers vir ewig en altyd en aan Hom alleen kom alle mag en krag en heerlikheid toe tot in ewigheid. In Christus Jesus ons Here is Hy ook jou Hemelkoning. Hy is ook met jou oppad na ewige heerlikheid!

*Sing: Skrifberyming 5-3:4, 5*

*Dr. SP (Fanie)van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)*